Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

19 Oktober 2022
OB 44

Beste Ouers

Kwartaal 4 van 2022 het in aanvang geneem en die skooljaar spoed ten einde.

Ons het op Vrydag 14 Oktober ons akademiese toekennings vir kwartaal 3 by ons saalbyeenkoms oorhandig. Baie geluk aan die leerders wat hierdie prestasie behaal het. Baie geluk aan diegene wat daarin geslaag het om hul punte te verbeter. Al het jy nie 'n sertifikaat vir 'n gemiddeld van 80% gekry nie, maar jy kon daarin slaag om jou gemiddeld te verbeter, of om 'n spesifieke vak se punt te verbeter, is dit iets om op trots te wees.

Tydens hierdie spesiale saalopening, is die leerlingleiers van 2022 ook aangewys. Baie geluk aan Jaime Johnson en Henko Nel wat verkies is. Ons is baie trots op hierdie 2 leiers!

Op akademiese gebied is daar baie druk, aangesien die eksamens vir gr. 7 reeds oor 4 weke begin en gr. 4-6 net 'n week later. Ons leerders moet asb. hierdie kwartaal hard fokus op hul werk, aangesien dit die laaste geleentheid is om punte te verbeter.

Ons het reeds verlede week weggespring met sportoefening en het verlede Saterdag 'n Mini-Krieketdag te Hoërskool Bonnievale bygewoon. Ek glo almal wat daar was het die dag geniet en ons was trots op die Monties wat so lekker krieket gespeel het. Ons sal na die eksamen weer elke oggend atletiek oefen.

Me. Kelly-Ann Filander en Zinzi-Leigh Stuart het ons aan die einde van kwartaal 3 gegroet, toe hul PYEI-kontrakte geëindig het. Baie sterkte aan die 2 dames vir hul pad vorentoe en dank aan hulle vir hul harde werk by ons skool.

Die kwartaalprogram is op die laaste dag van kwartaal 3, saam met die kwartaalbrief, aan u gestuur. Hou gerus die kwartaalprogram dop. Enige nuwe datums sal in die Montienuus verskyn. Die gr. 4-7 leerders sal elkeen binnekort 'n werksafbakening en 'n eksamenrooster ontvang.

Baie sterkte vir u elkeen vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 19 Okt	Studiemetodes (gr. 3, 4 en 5) Kliniekbesoek (gr. 5) o. 13 Krieket vs Robertson (tuis) Ouerbesoeke
Donderdag, 20 Okt	Studiemetodes (gr. 3, 4 en 5) Tennis vs Bonnievale (tuis)
Vrydag, 21 Okt	GF boeke huis toe Entrepreneurs (gr. 2D)
Saterdag, 22 Okt	The Hills Challenge
Maandag, 24 Okt	WKOD Sistemiese toetse (gr. 3 en gr. 6)
Dinsdag, 25 Okt	Monties Mini-Krieketdag
Woensdag, 26 Okt	IF Kultuurmiddag
Donderdag, 27 Okt	Tennis vs Ashton (tuis)
Vrydag, 28 Okt	Bredasdorp Atletiek Ope Entrepreneurs

Personeel verjaarsdae

Janine Strauss: 24 Oktober

Julante van Zyl: 25 Oktober

Madelene Victor: 26 Oktober

IF Kultuurmiddag

Woensdag, 26 Oktober 2022 om 15:00 is dit weer tyd vir die Intermediêre Kultuurmiddag. Hierdie geleentheid is spesifiek vir gr. 4 – 6 en word in ons skoolsaal aangebied.

Laerskool Robertson en Laerskool Ashton is die besoekende skole. Kom gerus en luister na die kore en redenaarstoesprake.

IDIOME DAG!

Alle gr. 1 -7 leerders neem kennis!

Ons hou op Vrydag, 4 November 'n Idiome Dag!
Span jou kreatiwiteit in en kom stel 'n idioom voor.
Deelname is gratis en vrywillig.
Skryf in by jou klasonderwyser teen Vrydag, 28 Oktober indien jy gaan deelneem.

Mosselbaai Worpe Atletiekbyeenkoms

Op Saterdag, 1 Oktober 2022 het 8 van ons skool se atlete deelgeneem aan die Mosselbaai Worpe Atletiekbyeenkoms. Geen amptelike afstande is ontvang nie.

Hier volg die uitslae:

Jayvin le Kay: Spiesgooi (2de)

Zaun Marthinus: Spiesgooi (1ste), Diskus (1ste), Gewigstoot (2de)

o/13 Seun wat die meeste punte tydens die byeenkoms gekry het: Zaun Marthinus

AKADEMIESE TOEKENNING : KWARTAAL 3 : 2022 Welgedaan en geluk aan die volgende leerders (in alfabetiese volgorde):

GRAAD 4
Alston, Olivia
Bhozo, Avenathi
Booysen, Hereetha
Burger, Petronella
Conradie, Cari
De Beer, Liané
Engel, Deha
Fitchet, Danté
Joubert, Wian
Jordaan, Charlissa
Meyer, Alaina
Moses, Ross
Staal, Mia
Van der Merwe, Jeannesse
Van Deventer, C.J.
Van Deventer, John
Visagie, Jacques
Williams, Ruvé

GRAAD 5
Hahndiek, Emma
Jacobs, Jenö
Joubert, Mieke
Koekemoer, Luan
McAlpine, Mariké-Mari
Meyer, Danielle
Smit, Carolina
Bothma, Adri
Van Deventer, Ilke
Van Niekerk, Ruben
Van Zyl, Annabelle

GRAAD 7
Bezuidenhout, Jason
Ellis, Mia
Faure, Caréne
Hahndiek, Isabelle
Johnson, Jaime
Meyer, Stella
Nel, Henko
Potgieter, Japie
Stemmet, Lily Christine
Toorn, Courtney
Visagie, Adriana
Wiese, Chrissandra

GRAAD 6
Beukes, Lodewyk
Dettbarn, Carla
Du Toit, Iva
Joubert, Lienka
Nomdo, Ané
Philander, Aneisha
Pikaan, Shané
Pool, Bea
Roos, Zack
Southey, Luka
Volschenk, Hannli
Vorster, Layla